

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Was Johannes die Doper 'n sg rolmodel vir Jesus en hoe dink ons oor rolmodelle?

Skriflesing: Markus 6:14-29

### Broodjies vir die pad

"Each of us, famous or infamous, is a role model for somebody, and if we aren't, we should behave as though we are -- cheerful, kind, loving, courteous. Because you can be sure someone is watching and taking deliberate and diligent notes."

— Maya Angelou

"Being a role model is the most powerful form of educating...too often fathers neglect it because they get so caught up in making a living they forget to make a life."

— John Wooden, *Wooden: A Lifetime of Observations and Reflections On and Off the Court*

"I do not feel that we should set up people as "models"; rather actions, thoughts, principles."

— Noam Chomsky

"Hold yourself up to a high standard, not an impossible one."

— Frank Sonnenberg, *Listen to Your Conscience: That's Why You Have One*

"People need role models. Are you up to the job?"

— Frank Sonnenberg, *Soul Food: Change Your Thinking, Change Your Life*

"There is also a widespread assumption that the Bible is supposed to provide us with role models and give us precise moral teaching, but this was not the intention of the biblical authors. The Eden story is certainly not a morality tale; like any paradise myth, it is an imaginary account of the infancy of the human race."

— Karen Armstrong, *The Case for God*

"The truth is that our finest moments are most likely to occur when we are feeling deeply uncomfortable, unhappy, or unfulfilled. For it is only in such moments, propelled by our discomfort, that we are likely to step out of our ruts and start searching for different ways or truer answers."

— M. Scott Peck

"The problem nowadays is that, by and large, we do a pretty bad job of picking role models. We glorify actors, singers, athletes, and generic "celebrities," only to be disappointed when—predictably—it turns out that their excellence at reciting, singing, playing basketball, or racking up Facebook likes and Twitter followers has pretty much nothing to do with their moral fiber."

— Massimo Pigliucci, *How to Be a Stoic: Ancient Wisdom for Modern Living*

"Abandon the urge to simplify everything, to look for

formulas and easy answers, and to begin to think multidimensionally, to glory in the mystery and paradoxes of life, not to be dismayed by the multitude of causes and consequences that are inherent in each experience -- to appreciate the fact that life is complex."

— M. Scott Peck

"We all - whether naturalists, atheists, Buddhists, or Christians - see the world through the grid of an interpretive framework - and ultimately this interpretive framework is religious in nature, even if not allied with a particular institutional religion."

— James K.A. Smith, *Who's Afraid of Postmodernism?: Taking Derrida, Lyotard, and Foucault to Church*

"What a wise person teaches is the smallest part of what they give. The totality of their life, of the way they go about it in the smallest details, is what gets transmitted."

— David Brooks, *The Road to Character*

"In this scheme of things we don't create our lives; we are summoned by life. The important answers are not found inside, they are found outside. This perspective begins not within the autonomous self, but with the concrete circumstances in which you happen to be embedded. This perspective begins with an awareness that the world existed long before you and will last long after you, and that in the brief span of your life you have been thrown by fate, by history, by chance, by evolution, or by God into a specific place with specific problems and needs. Your job is to figure certain things out: What does this environment need in order to be made whole? What is it that needs repair? What tasks are lying around waiting to be performed? **As the novelist Frederick Buechner put it, "At what points do my talents and deep gladness meet the world's deep need?"**

— David Brooks, *The Road to Character*

### How to Live a Good Life

A Guide to Choosing Your Personal Philosophy  
By Massimo Pigliucci, Skye Cleary and Daniel Kaufman

*A collection of essays by fifteen philosophers presenting a thoughtful, introductory guide to choosing a philosophy for living an examined and meaningful life. A VINTAGE ORIGINAL*

Socrates famously said "the unexamined life is not worth living," but what does it mean to truly live philosophically?

This thought-provoking, wide-ranging collection brings together essays by fifteen leading philosophers reflecting on what it means to live according to a philosophy of life. From Eastern philosophies (Daoism, Confucianism, and Buddhism) and classical Western philosophies (such as Aristotelianism and Stoicism), to the four major religions, as well as contemporary philosophies (such as existentialism and effective altruism), each contributor offers a lively, personal account of how they find meaning in the practice of their chosen philosophical tradition.

Together, the pieces in *How to Live a Good Life* provide not only a beginner's guide to choosing a life philosophy but also a timely portrait of what it means to live an examined life in the twenty-first century.

*Ter ondersteuning aan diegene in die teater- en kunstewêreld, lees wat prof Anton van Niekerk skryf:*

Hoe lank moet ons dít verduur?

Anton van Niekerk

Die jongste deklamasie van pres. Cyril Ramaphosa waarmee 'n reeks basiese vryhede ons opnuut ontnem is, kom soos 'n hou op die krop van die maag.

Miskien is ek bloot in 'n slegte bui en weier my huiwerende oë en swaar gemoed om die silwer randjie van die jongste diepdonker wolk (iets te make met 'n delta) te sien.

Ek het in 'n vorige rubriek gevra of lesers nog 'n klompie van die dinge wat nou al amper twee jaar van ons ontnem is, kan onthou . . .

Om saam met vriende te kuier, om deel te wees van 'n kring wat mekaar elke werksdag sien en in interaksie verkeer, om maskerloos asem te haal en mense op straat of in winkels te kan herken, om vergaderings te hou sonder die verwronge beelde en blikstemma van rekenaars wat ons medium van kommunikasie geword het – dis nou as daar nie voortdurend, elke dag, by elke geleentheid, 'n tegniese fout opduik nie.

Ek wil nie weer vandag op daardie nostalgiese-odusseë gaan nie. Dit speel net in op die neerdrukkende kollektiewe depressie wat al hoe meer van ons elke dag vasgryp.

Ek wil egter wel my hoed afhaal vir die bedrywe wat tot dusver waarskynlik die seerste gekry het in die pandemie. Ek praat natuurlik van die drank- en die toerismebedryf en die uitvoerende kunste. Waarom presies hierdie drie veral die spit die meeste moes afbyt elke keer wanneer “huisvergaderings” se platterslae aangehoor en uitgevoer moes word, is 'n vraag waaraan lank herkou sal word wanneer/as die pandemie ooit eindig.

Wat drankverkope betref, is dit seker nie geregverdig om 'n totale ekonomiese sektor tot volslae stilstand te bring (ek mag tans nie een enkele bottel wyn koop nie!) vanweë mense wat hulle aan die produk van die sektor vergryp en só druk op die hospitale veroorsaak nie.

Waarom dan nie ook private padvervoer verbied omdat enkelinge roekeloos bestuur, ongelukke maak en hospitale betree nie? Ek beweer nie daarmee dat alkoholhandel ongebreidelde moes kon voortgaan nie. Wat ek nie verstaan nie is dat die ganse ekonomiese bedryf met duisende werksgeleenthede en miljarde se belastinginkomste, eenvoudig in sy geheel toegemaak word elke keer as die virus muteer.

Dieselfde kan van belangrike sektore van die toerismebedryf gesê word, want alkoholverbruik en toerisme loop hand aan hand. Of het ons nou skielik so vroom geword dat ons sentraal wil besluit of mense vakansie mag hou of 'n bier in die buitelig saam met vriende mag drink? Die bedryf wat egter die hardste getref is, is die uitvoerende kunste, veral die teater. Moes alle teater – veral dié by kunstefeeste – ook ineens gestaak word omdat 'n klompie mense 'n gehoor vorm? Wat is moontlik die verskil tussen teaterbywoning en 'n horde verbruikers wat elke dag deur winkelsentrums dwaal?

Weer: Ons praat hier nouliks van 'n sporadiese verbod. Die teaterwese in Suid-Afrika is effektief nekomgedraai deur die feit dat hulle elke keer die president se eerste teiken is.

Besef ons wat ons daarmee aan onself doen? Dit word lankal erken dat die teater een van die kragtigste instansies is, nie slegs vir broodnodige vermaak nie, maar juis vir sosiale kritiek en verdiepte selfkennis. Goeie teater – so beleef ons dit sedert Shakespeare, Tsjechov en Brecht – is soos die spieëlbeeld van 'n alternatiewe werklikheid wat aan die gehoor getoon word, met die uitdaging om daarmee te identifiseer of dit te verwerp. 'n Samelewing wat so 'n kleinood minag, loop die gevaar van sosiaal-intellektuele stagnasie en selfvernietiging. Hoe lank moet ons dit nou verduur?

\* Van Niekerk is 'n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/hoe-lank-moet-ons-dit-verduur-20210705>

## Brood vir die pad

Nou is die tyd om meer te praat oor dood

Wilhelm Jordaan

“Ons is nie hier vir die verblyfste nie. Ons is hier vir die vergaans,” skryf die kruiebereider van die Karoo Antoinette-Pienaar in die versamelbundel Wreed én mooi is die dood.

Die woord “vergaan” in die betekenis van “ophou bestaan” moet gelees word teen die agtergrond van die derde vlaag van die Covid-19-pandemie wat elke dag honderde se lewe eis.

Terwyl sommige argeloos maak of die pan-demie nie bestaan nie, soos die naweek by Nkandla, is al hoe meer mense in die greep van wat N.P. van Wyk Louw 'n “verwarring van die oë; 'n wit-ogige vrees” noem in sy gedig “Paniese angs”. Dit is vrees vir die dood as 'n donker skeur wat jy nie kan sien nie en as die wind daardeur waai, maak dit geen geluid nie.

Dit word soms verswaar deur die eeue oue beeld van die grimige, swartgeklede afmaaier (*the Grim Reaper*) wat jou, wanneer hý wil, met sy swaaiende sens kom haal.

Die feit van eindigheid, die “ophou bestaan”, is vir baie die bron van angs. Hoe is dit om nie meer te leef nie? Jy sien jou ouers-, familie, vriende, kollegas sterf. En jy weet daar is nie terugkeer nie – die verskrikking van “nooit weer nie” om al die klein besonderhede van 'n geliefde mens: nooit weer saam eet nie; nooit weer saam lag nie; nooit weer saam huil nie; nooit weer 'n volledige gesin wees nie . . . Só word die dood die finale afwesigheid van teenwoordigheid.

Terwyl die vrees en angs vir die dood 'n werklikheid is, is dit ironies dat mense steeds huiwer om openlik oor die dood te praat as 'n natuurlike bestanddeel van die lewe.

In die Deense kinderverhaal *Cry, Heart, But Never Break* deur Glenn Ringtved word juis dít aangrypend uitgebeeld. Die dood, as 'n gespreksgenoot, praat deernisvol; in 'n stem wat tegelyk fluister en snik, met drie kinders by die sterfbed van hul geliefde ouma: “Laat jul trane van hartseer en droefheid nuwe lewe bring . . .”

En agterna, wanneer die kinders 'n venster oopmaak, voel hulle in die ligte bries op hul wange die ouma se blywende aanraking.

Hóé daar nuwe lewe uit die dood kom, is 'n kwessie van perspektief.

Sommige kies die ewige lewe, gesetel in God in die hemelse sfere, as die nadoodse bestemming. Hulle glo, in die trant van die komponis Johannes Brahms se meevoerende “Ein Deutsches Requiem”, dat jou lewe in die Here 'n doel het en dat jou lewe, wat voor Hom niks meer is nie as 'n handbreedte, tot 'n einde móét kom.

Met of sonder so 'n gerigtheid op “die ewige lewe” leer ander om die dood te aanvaar as 'n viering van die lewe; 'n bevestiging dat jou eie mensheid gevorm is en steeds gevorm word, deur 'n gestorwe geliefde se aanvoelbare lewensteenwoordigheid; die “altyd hier” van 'n geliefde mens.

Wie dit in gedagte hou en moedig voluit leef, word opgeneem in die eindelose kontinuum wat die dodes en die lewendes verenig in die immer onvoltooide verhaal van die mens.

\* Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/nou-is-die-tyd-om-meer-te-praat-oor-dood-20210706>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877